# die wapad

DEEL XIV — VRYDAG, 15 MEI 1959 — NR. 6

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P. U. VIR C. H. O.


## SAMEWERKING?

Nege van die twaalf lede van die Studenteraad van die Universiteit van Grahamstad het bedank as gevolg van die verwerping deur 'n massavergadering van 'n mosie waarin groter samewerking gevra is tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente. Die voorsitter, mnr. R. F. Gruber, en die ondervoorsitter, mnr. J. A. Benyon is onder die lede wat bedank het.

Die mosie kom daarop neer dat nóg die A.S.B. nóg N.U.S.A.S. in hulle huidige gedaante geleentheid bied vir samewerking tussen die twee groepe. Verder word voorgestel dat „die voorsitters en onder-voorsitters van die Engelse en Afrikaanse universiteite in Grahamstad byeen moet kom om die betrekkinge tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente op elke vlak te bespreek."

Die lede wat bedank het, voer aan dat hierdie mosie voorsiening maak vir wedersydse begrip van mekaar se standpunte sonder om daardeur beginsels te versaak. Sonder wedersydse verstandhouding kan geen voorstelle van blywende waarde wees nie.

Twee lede wat nie bedank het nie, voer aan dat dit teenstrydig is met die Universiteit se beginsels om 'n studentekonferensie te hou oor rassesamewerking as dit nie verteenwoordigend is van alle rassegroepe in die land nie.

# STUDENTEMASSA OOR PERS-UITLATINGS

## Basis vir Beslegting van Geskille

**DIE STUDENTEMASSA VAN DIE P.U. VIR C.H.O. KAN HULLE VIR GEEN OOMBLIK AFSYDIG HOU VAN DIE PERSVERKLARINGS VAN DIE DRIE PROFESSORE — L. J. DU PLESSIS, J. H. COETZEE EN D. W. KRüGER — DIE AFGELOPE WEKE IN DIE „SUNDAY TIMES" NIE. DIE MASSA IS EGTER ONBEVOEG OM 'N BINDENDE UITSPRAAK IN DIE VERBAND TE GEE EN 'N BASIS VIR ONDERLINGE SAMESPREKINGS EN BESLEGTING VAN DIE VERSKILLE MOET GESKEP WORD. DIT IS DIE SLOTSOM WAARTOE GEKOM IS TOE DIE NETELIGE SAAK PRIKKELENDE BESPREKING TYDENS DINSDAGAAND SE MASSAVERGADERING UITGELOK HET.**

**'n Kommissie van vyf lede is benoem om ondersoek in te stel op grond van verklarings deur die Engelse pers, en om met die Afrikaanse pers te skakel ten einde vas te stel waarom geen publisiteit aan die geleerdes se standpunte verleen is nie.**

### Geen verandering:

Hoewel 'n gevoel onder die massa waargeneem kan word dat wat die professore gesê het, nie van alle waarheid ontbloot is nie, is daar geen verandering in die tradisionele Afrikaanse houding van die studente van die P.U. nie. Hulle skaar hulle ten volle agter die beleid van eiesoortige ontwikkeling van die regering.

Die studente voel hulle gebonde aan hulle Alma Mater en waar die uitlatings hulle ook raak, is dit noodsaaklik dat 'n standpunt ingeneem word. 'n Gevoel van beswaardheid kon gemerk word oor die kanale gebruik om die standpunte te stel, maar ook was die duidelike vraag in die lug: wat het verhoed dat nie van die „regte" kanale gebruik gemaak is nie.

Veel skade word daardeur gedoen — nie alleen aan die Universiteit nie, maar sulke uitlatings word gretig deur die vyandiggesinde pers as propaganda in die buiteland teen Suid-Afrika gebruik.

### Basis vir beslegting:

Party-politieke argumente mag nie deurslaggewend wees in hierdie saak nie. Met negatiewe veroordeling mag nie volstaan word nie, daar moet op gelyke vlak openlik onderhandel word voordat 'n uitspraak aan die buitewêreld gegee kan word. Argumente moet nie getel word nie, maar deeglik geweeg word. En in hierdie saak moet die studentegemeenskap grootmoedigheid aan die dag lê.


Die optrede van die professore moet van albei kante gesien word en daarom moet 'n basis vir die beslegting van die geskille gevind word.

Hulle uitlatings bots nie reëlreg met die regeringsbeleid nie maar aangesien hulle geweet het wat die gesindheid van die Engelse pers is, moet ingegaan word of daar versagtende omstandighede vir hul optrede is.

Gesien die geweldige antipatie wat daar in internasionale kringe teen Suid-Afrika heers en die krisis in ons volkslewe, mag die saak nie so gelaat word nie. Alle pogings moet aangewend word om dit in die reine te bring.

# Intervarsity voor die Deur

## DIE TEMPERATUUR STYG



## *SO LYK DIT DAAR . . . .*

**A. Hoofgebou, B. Abraham Fischer-tehu's, C. Reitzsaal, D. President Steyn-tehuis, E. Geologie- en Ardrykskunde-gebou, I. Reitzsaal-kamerwonings, 2. Chemie-gebou, 3. Fisikagebou, 4. Kestell-tehuis, 5. Universiteitsaal, 6. Gimnasium, 7. Biblioteek, 8. Administrasiegebou, 9. Musiek-gebou.**

DIE GROOT JAARLIKSE KRAGMETING TUSSEN U.O.V.S. EN PUK OP DIE SPORTVELD VIND OP SATERDAG 23 MEI TE POTCHEFSTROOM PLAAS. INTERVARSITY IS VANJAAR TWEE-EN-DERTIG JAAR OUD, EN DIE TRADISIONELE GEES VAN GOEDGESINDHEID BELOOF OM OOK HIERDIE BOTSING 'N ONGEKENDE SUKSES TE MAAK.

Puk het die afgelope twee botsings die onderspit gedelf, maar met 'n sterk span behoort hulle vanjaar beter te vaar, en met die ondersteuning van die pawiljoen af kan hulle die vaandel hoog laat wapper. Ou en bekende spelers sal weer teen mekaar optree, maar daar is ook veel nuwe name en 'n spannende kragmeting word in die vooruitsig gestel.

Algemeen kenmerkend van die Pukspanne is dat hulle vanjaar besonder sterk is. Die eerste voetbalspan is 'n ewewigtige en gedugte span wat as eenheid onoortreflik is. Die hokkiespanne is sterker as ooit tevore, en die tennisspan deins nie terug vir die beste in Wes-Transvaal nie. Dan is daar nog 'n gimnastiek-intervarsity wat vanjaar vir die eerste keer op Potchefstroom sal plaasvind, asook stoei, tafeltennis, korfbal en jukskei waarin die Pukke deeglik van hulleself rekenskap behoort te gee.

Intervarsity is net soos 'n toetswedstryd: die uitslag bly onseker tot die fluitjie die einde aankondig. En dis nie noodwendig die span met die meeste provinsiale spelers of sterre wat wen nie, maar die span wat saamspeel, en die span wat aangemoedig en begeester word deur die stemme in die agtergrond.

Intervarsity vind egter nie net op die sportveld plaas nie. Wanneer die debatteerders op Vrydagaand, 22 Mei slaags raak, sal argumente uit die boonste rakke gehoor kan word.

Die Pukke voer glo 'n paar dinge in die mou!


Tomstraat 90A


U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Fotokuns

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM


Kom besigtig ons
GRAMMOFOONPLATE
STEREOFONIES GEDEMONSTREER
Kunsvlytafdeling

**Alle Gekysdes en Verloofdes! ! ! !**



**Bevorder U Sake . . . . .**

Kom na
**MALAN MEUBILEERDERS**
Kerkstraat 112 Telefoon 2157



**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.

**J. du Raan**
**HORLOSIEMAKER EN JUWELIER**


Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.

**KERKSTRAAT 161**

**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE**

**CENTRAL CASH STORES SUPER MARKET**
**Bespaar Geld!**
ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA
**Bedien uself!** **Bespaar Tyd!**
**SELFBEDIENING**
**. . . en sien wat u koop.** **Hierdie is die moderne koers**
**Telefoon 164/1167** **Wolmaransstraat 81**
**POTCHEFSTROOM**

**MOENIE.....**



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

**CORNER FRUIT STORE**

**„U KEN ONS!"**



Vir daardie **hol gevoel** op die maag bak ons die
**HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES**
**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61

## Voorsmaak van Intervarsity

Wanneer die Pukke en Pote aanstaande Saterdag in die hoofwedstryd op Olënpark aanmekaar spring, word 'n taai botsing in die vooruitsig gestel. Albei spanne staan tans bo aan die puntelys om die Neserbeker en van die uitslag van die wedstryd hang veel af.

Vir die Pukke is hierdie wedstryd 'n laaste opwarming vir die botsing teen die Kovsies, 'n week later. Nie net op die veld nie, maar ook op die pawiljoen kan die Pukke hulle kom voorberei.

Pote sal sekerlik daarop uit wees om hulle afgelope twee nederlae teen die Puk te wreek.

Dit beloof 'n interessante botsing te wees.

---

## 'N SERENADE VIR OU SLURPIE

BODDER is eintlik die woord.

Want Slurpie bodder al om 'n stokkie te staan en bebodder as 'n man wil sing dat jou mangels so **ping** maak van pure lekkerkry.

En nou't Hans ook onder die invloed gekom . . .

Al te mooi, die woord Bodder . .

---

## Destination — Moon !

Intervarsity is 'n groot gebeurtenis en voor elke groot gebeurtenis hang daar 'n beklemmende atmosfeer in die lug: van spanning, of opgewondenheid of blydskap.

Kovsies kom — met verbeterde vuurpyle.

Niemand weet hoekom dit so is nie, niemand weet vanwaandaan dit kom nie, en les bes, niemand wil dit probeer verklaar nie. Dit skop nog net soveel stof op. Maar jy ruik hom nie meer . . . windop nie.

## DAAR WORD GESING

Daar is deesdae op die Puk elke aand sing-songs. Dit staan in verband met intervarsity — so word gesê.

„Wat maak jy hier?" het Leipoldt iewers aan homself gevra.

Die Pukke is op P.U. nie net om te studeer nie, maar ook om vir Slurpie en Hans voor te berei.

Daar is ou liedjies en nuwe liedjies wat geoefen en geleer moet word om die Kovsies op die pawiljoen . . Hêh Hêh! — te bebodder . . .

---

## Nuwe Sangbundel

Die nuwe sangbundel verskyn hierdie week . . . .

Met Intervarsity net om die draai, kan die Pukke nou éérs lekker sing!

Daar is ou liedjies, nuwe liedjies en sommer net liedjies . . . liedjies om die Kovsies mee stil te maak.

---

**Dames- en Herestudente!**
**„PARKSIG" Eiendomsagentskap**
kan daarvoor sorg as Pa en Ma in Potchefstroom wil kom woon.
Vir die **Modernste Huise** op **DIE BULT.**
(Eienaar: G. Schoonhoven)
**Tel. 1486,** **na-ure 2057.**

**die Wapad**

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode<br>en Frans van der Vyver | 1566.<br>1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren<br>en Bets Coetzee | X041.<br>0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe<br>en Marieke van der Merwe | 19.<br>281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | **Dr. Hertzog Venter** | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**VRYDAG, 15 MEI 1959**



## REDAKSONEEL
## VERBODE LEESSTOF

Daar IS mense wat dit nou nog nie verstaan nie.

Noem die woord OPPOSISIE en die gemiddelde man kry 'n geïrriteerd-simiese trek op sy gesig. Gooi 'n bietjie goedgefundeerde kritiek op sy selfversekerheid en daardie selfde gemiddelde man word vir jou kwaad.

Hy is gemiddeld.

—En so verskriklik op hoogte van sake dat dit mens bekommerd maak.

Kritiek—gefundeerd en oordeelkundig aangewend, en daarteenoor die korrekte interpretasie en gebruikmaking daarvan: DIT is inderdaad 'n werktuig van onskatbare waarde in die hande van 'n eerlik-denkende beskawing.

Meer nog.

Dit is 'n noodsaaklike uitvloeisel van 'n met bloed verkreë beginsel:

Die vryheid van denke en spraak.

'n Beskawing wat kritiek nie kan hanteer nie, moet verrot.


Waar geen teenstand is, is geen stand nie.. Maar, kom ons word kwaad. Dis makliker. Kom ons smeer swart—dis indrukwekkender. Kom ons skreeu almal hartlik saam—dis so maklik om een van die baie te wees.

Kom ons gaan lê.

# FONDAMENTSTENE

—Prof. dr. W. N. COETZEE

Die boumeester wat seker wil maak dat sy gebou stewig staan, moet sorg dat die fondament daarvan doeltreffend is. 'n Medikus of psigiater wil eers die geskiedenis van sy pasiënt hoor voordat hy die beste middel kan voorskryf. Wie die Westerse kultuur grondig wil verstaan, moet 'n studie van die fondamente daarvan maak.



Hierdie fondamente vind ons in die sogenaamde antieke beskawing soos dit deur baie eeue rondom die Middellandse See ontstaan het. Van-af Egipte tot Griekeland het een beskawing op die ander gevolg, maar altyd met dieselfde metode van absorbering van die beste uit die voorafgaande. Uiteindelik is dit oorgeplant na Griekeland waar dit binne 'n betreklike kort tyd 'n bloeitydperk deurgemaak het.

Van Griekeland is die beskawingspatroon oorgeneem deur die Romeine en hulle het 'n stempel daarop geplaas wat vir meer as duisend jaar feitlik onveranderd gebly het. Die besondere karakter van hierdie stempel is egter baie sterk beïnvloed deur die Christendom wat in die vierde en vyfde eeue die oorhand binne die Romeinse Ryk verkry het. Selfs toe die Germane aan die einde van die vyfde eeu die Romeinse Ryk tot 'n val gebring het, is die Romeins-Christelike beskawing triomfantlik deur die Germane oorgeneem, sodat die beskawingsvorm voortgedra en benstendig is, ten spyte van die verbrokkeling van die Romeinse Ryk. Maar nog meer: hierdie beskawingsvorm het die bindende krag en gemeenskaplike faktor tussen die volkere van Wes-Europa gebly, en staan vandag nog bekend as die Westerse beskawing.

In ons tyd van wêreldomkering en verbrokkeling word dit noodsaakliker dat die fundamentele waardes en inhoud van die Westerse beskawing in hulle oorsprong en ontwikkeling bestudeer moet word, sodat ons 'n perspektief en eenheidsbeeld van ons herkoms daaruit kan vorm. En in Suid-Afrika sal die Westerse beskawingsvorm hom in hierdie tydgewrig steeds ernstiger moet verantwoord en uitbou om 'n onbelemmerde voortbestaan te verseker.

Maar dan is 'n helderc visie op die Grieks-Romeinse en Romeins-Christelike fondamentstene van ons beskawing onontbeerlik, en des te dringender aan 'n Christelike Universiteit met 'n volksroeping.




JANET says:
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
Grand Cafe,
President Cafe,
or Van Riebeeck
Cafe.





OP U PAD . . . .

Die
Welkom-kafee

'N
STUDENTEKAFEE!

* * *

H/v. President en
Von Wiellighstrate.


## *Nabetragting*

Hul het jou na jou graf gedra,
en toe die mense weg was, wild die
grond op jou gegooi, want dit was laat . . .
En in die kluite het die wurms rondgedool,
geweet jy's daar en afgedaal, gedring
tot in die dieptes in en deur die hout
hul draad gespin tot in die donker kring
van die hol oog, al verder in,
deur tonnels waar die bloed moes vloei
maar nou slegs half-leë harde gange
was, wat weë vir 'n kiem moes wees . . . .
Dat Christus jou kon red!

M. W. v. d. Sandt.

# *Oorsese Nuus*

## Serenades:

Dit is duidelik dat „serenades" nie oral dieselfde vorm aanneem nie. In Brits-Columbia het 'n aantal manstudente by drie geleenthede by die vensters van dameskoshuise ingeklim en die dames „rondgejaag."

Hulle het glo wel moeilikheid gekry. Maar dit was glo die uitbundigheid van die lente en die naderende eksamen wat hulle tot so 'n stap gedryf het!

## Word gesond terwyl jy studeer:

Daar is in Holland 'n studentesanatorium vir „Kuren en Studeren". Studente ontvang mediese behandeling terwyl hulle klasloop en eksamen skryf. Sedert die oorlog is honderde studente glo al so gehelp. Blinde studente ontvang besondere studiesteun.

## Israel:

Die geweldige groei van die klein landjie word weerspieël in die volgende gegewens: In 1947 was daar maar 500 studente aan die Hebreeuse Universiteit van Jerusalem, vandag is daar 4,000 studente — agt keer soveel.

Die klas- en lesingskamers van die Universiteit is oor die hele stad versprei en studente moet dikwels van die een end van die stad na die ander stap om klasse by te woon. Daar is ook in Tel Aviv 'n opleidingsentrum met sowat 2,000 studente.

Die bevolking van die land is byna twee miljoen, en die digtheid meer as twee honderd per vierkante myl. Immigrante stroom nog steeds die land binne teen 'n tempo van etlike honderde per maand.

## Vlugtelinge:

Nou, veertien jaar na die Tweede Wêreldoorlog, is daar nog sowat 6,000 vlugteling-studente in Europa. Sowat 4,600 hiervan is Hongaarse vlugtelinge wat hulle tans oral in Europa bevind. Die meeste van die vlugtelinge is in Duitsland (17,000), Oostenryk (1,000), Frankryk (900), die Verenigde Koninkryk, Switserland en Swede.

(Vervolg op bl. 5, kol. 1).


REBA-KAFEE
Tomstraat 88

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.


# In U Lig

## Wat verwag ek?

Ps. 39 : 8. En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U.

Wanneer ons aan 'n jongmens sou vra wat hy van die lewe verwag, dan het hy gou 'n antwoor dgereed. Wie van ons is daar wat nie self al mooi drome oor die toekoms gedroom en groot verwagtinge gekoester het nie? Hierdie drome is nodig, hulle moet daar wees, want so verkry die lewe met sy arbeid die nodige spanning sodat daar iets bereik word.

As ons egter ouer word en die lewe met sy vlugtigheid en betreklike armoede leer ken, kan ons glimlag vir die drome van die jeug. Nie omdat dit maar alles ydelheid is nie, maar omdat ons sien dat die lewe, 'n gawe van God, 'n handbreedte is. Ons kom en gaan soos beelde op 'n doek en dit wat ons met moeite gedurende ons lewe verwerf het — ja, ons weet nie eens wie dit gebruik as ons nie meer daar is nie.

Waarlik die persoon wat niks anders het om sy verwagtings op te bou as ons kortsondige bestaan nie, is die beklaenswaardigste van alle mense.

Dawid staan in hierdie psalm midde in die ellende en sy liggaam is geknak. Tevergeefs het hy in eie krag sy weg wou gaan en dan roep hy, met sy oë gerig op die hemel, uit: „En nou, wat verwag ek, o Here? Hy hoop is op U."

Dit is die antwoord van die gelowige :„My hoop is op U."

Dit is nie die antwoord van iemand wat aan die einde van sy lewe staan nie. Nee, as jong studente kan ons hierdie teks ook die opskrif van ons lewensboek maak.

Hy wat alleen sy oë op die aardse dinge gerig hou, sal telkemale bitter teleurgestel word want die wêreld beloof goud en koper, hy deel gawes uit wat die siel nie kan bevredig nie.

Ons houding moet so wees dat ons die aardse dinge nie verag nie, maar tog na iets meer bestendigs hunker en daarom tot God kan sê: „My hoop is op U!" Dan verkry die aardse lewe sin, betekenis, blywende inhoud en doel.

Laat dit dan ons gesindheid wees as ons antwoord op die vraag: „Wat verwag ek?"

Die Here skenk selfs dit wat nie in die hart van die mens opgekom het nie.

S.P.B.




# WAT IS STEREOFONIESE KLANK?

'n Mens se oor besit die vermoë om te kan onderskei van welke rigtings klankgolwe kom. Dit wil sê 'n konsertganger wat luister na 'n volledige orkes kan onderskei tussen die snaarinstrumente en die houtblaasinstrumente, alhoewel die orkes as 'n klankliggaam optree.

Die konvensionele opnames kan nie hierdie „ruimtelike" ervaring weergee nie; selfs nie eens wanneer 'n multiluidsprekerstelsel gebruik word nie.

Wanneer 'n stereofoniese opname gemaak word, word daar twee of meer luidsprekers te midde van die orkes geplaas — die klanke wat 'n mens se regter- en linkeroor elk afsonderlik hoor, word nou deur hierdie luidsprekers afsonderlik opgevang. Hierdie klankgolwe word nou versterk en weer eens afsonderlik opgeneem op die twee kante van die groefies van die plaat.

Wanneer hierdie opname gespeel word, vang die stereofoniese naald in een beweging beide die klankgolwe van die linker- en regteroor op. Hierdie klankgolwe word dan binnekant die „pickup" geskei en deur versterkers wat elk hulle eie luidspreker het, gestuur. Stereofoniese plate kan derhalwe nie op gewone platespelers gespeel word nie.

Die luidsprekers moet minstens agt voet van mekaar gespasieer wees en die luisteraar kan nou as't ware 'n juiste weergawe van die oorspronklike konsert geniet.

'n Goeie verskeidenheid van stereofoniese opnames is by Fotokuns verkrygbaar. Hierdie opnames is heel verdienstelik, alhoewel die oppervlaktes van die plate nog fyner afgewerk kan word aangesien daar 'n baie ligte ruising hoorbaar is.

„The Military Band"-marsmusiek onder die stok van Felix Slatkin laat die stereofoniese effek tot volle ontplooiing kom en word sterk aanbeveel. Nog 'n baie geslaagde opname is „La Boutique Fantasque" van Rossini. Hierdie opname is goed gebalanseer, sterk ritmies en die toonproduksie is suiwer.




Ons maak 'n klankie vir
Kollege
Kontantwinkel
SOMMER HIER BY U!
Tel. 2912.

# Briewe - - -

## Die Reg van Kritiekuitoefening

Geagte Meneer,

In Die Wapad van die 1ste Mei het daar 'n artikel verskyn oor N.U.S.A.S. Die hoofboodskap, wat die skrywer aan die lesers wil tuisbring is dat Suid-Afrika in die buiteland swart gesmeer word, en dat N.U.S.A.S. een van die instansies is wat die giftige veldtog teen S.A. loods.

Ek stem saam dat ons moet toesien dat Suid-Afrika 'n goeie naam oorsee het en dat wanindrukke die nek ingeslaan moet word. Nou kom by my die tergende vraag op: Wie is dan verantwoordelik dat Suid-Afrika se naam oorsee swart gesmeer word? Skrywer blameer blykbaar vir N.U.S.A.S. daarvoor.

Daar moet egter gepoog word om na die wortel van die kwaad te soek. Eerstens moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika as 'n demokratiese land kritiek kan verwag — nie net van sy eie landsburgers nie, maar ook van sy mededemokratiese lande. Indien 'n wetgewing deur die Parlement geloods word en dit van so 'n aard is dat wanneer die teenstanders daarvan dit aanval, hetsy in Suid-Afrika self of hetsy in die buiteland, en dit dan blyk dat Suid-Afrika se naam daardeur geskend word, wie is dan daarvoor verantwoordelik? Is dit die persone wat volgens hulle demokratiese vryheid kritiek daarop uitoefen of is dit dié persone wat vir die wetgewing verantwoordelik is? Het u al daaraan gedink dat as die wet nie gemaak was nie, of as dit op 'n ander wyse geformuleer is, dat geen kritiek dan daarop sou gevolg het nie? Daar sou dan nie geleentheid gewees het vir swartsmeer, ens., nie.

Afgesien van ander apartheidswette is die wet oor afsonderlike universitêre opleiding onlangs weer deur N.U.S.A.S. in die kalklig gestel. Soos skrywer dan ook melding gemaak het van die nuusbrief waarin berigte verskyn oor protesvergaderings wat in Suid-Afrika en oorsee gehou is teen aparte universiteite. Verder word ook melding gemaak van mnr. D. Shingler se verklaring dat die wet afgedwing word teen die wil van 95% van die studente van Wits en Kaapstad.

Ek beklemtoon weer eens dat sulke berigte Suid-Afrika in 'n slegte lig stel. Teen so 'n wetgewing waarteen 95% van die studente gekant is, kan 'n mens kritiek verwag. Weer eens vra ek die vraag wie is dan te blameer vir die swartsmeerdery. Is dit hulle wat dit onder die aandag van die ander demokratiese lande bring of is dit hulle wat die wetgewing maak?

Stem u nie met my saam dat indien 'n mens S.A. se naam in ere wil hou, dit juis noodsaaklik is dat sulke wetgewing, wat ons in 'n slegte lig stel, aan te val nie? Dit is die enigste manier om aan die buiteland te toon dat 'n groot persentasie van die blanke bevolking sulke wetgewing afkeur. Of wil u eerder sien dat sulke persone hulle gewete moet verkrag en stilbly?

Ek dank u vir plasing,

Die uwe,

P. A. PYPER.

(Wat u laaste vraag betref: geensins. Daarom wil die Redaksie u uitnooi om u besware en stellinge in 'n groter mate te konkretiseer en aan ons te stuur. Ons verskil: kom ons verkry duidelikheid **presies waaroor ons verskil.**—Red.)

## Student vra Eenheidsaksie

Geagte Redakteur,

**Onrusbarend** is seker die woord wat geskryf kan word oor die gebeurtenisse in die afgelope tyd in die politieke arena waar reeds drie van ons eie professore hulle taamlik sterk uitgelaat het teen die regeringsbeleid, veral t.o.v. nie-blanke- en verwante sake. Dit laat ons studente beslis nie koud nie.

Die P.U. was nog altyd daarvoor bekend dat hy onbetwisbaar sy volle aandeel in die uitbouing van die nasionale saak van die Afrikaner het. Dat daar altyd verskil van mening oor sulke sake is, word verwelkom, maar dat daar nou tot 'n openlike botsing geraak is met die amptelike Nasionale leiding, is minder aangenaam.

As daar openlik gepraat word van die swart nasionalisme wat later die oorhand in Suid-Afrika kan hê; as daar ondubbelsinnig gesê word dat die Afrikaner sy ondergang op die ingeslane weg tegemoet loop: as daar sonder omhaal van woorde gepraat word van die republiek wat oor twintig jaar tot stand sal kom onder presidentskap van Albert Luthuli, dan raak dit juis ons studente ten seerste, want teen daardie tyd sal ons almal mense van so om en by veertig jaar wees.


Soos elke ander denker, moet ek ook nou begin dink aan 'n oplossing. Ek is daarvoor bekend dat ek altyd kortsigtig is en nie 'n saak kan deursien nie, maar met alle erns wil ek tog waag om ten besluite hierdie vraag te stel aan almal wat belangstel: Op watter manier kan daar 'n ontmoeting gereël word tussen ons „rebel"-professore en die amptelike Nasionale leiding, sodat die saak uitgepluis kan word; tussen ons studente en hierdie professore (en andere), sodat ons ons deeglik op hierdie saak kan besin; of, as dit nodig is, tussen andersdenkendes en -voelendes, sodat tot 'n eenheidsaksie oorgegaan kan word?

Hoogagtend,

Die uwe,

E. J. S.

**Geen Verwarmers toegelaat?!**
Ontsteek 'n hopie
KOLE, SMITSKOLE, of
ANTRASIET van
**Stander & Linder**
**Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367**
in u kamer!



## Dis lekker om te studeer!

In Rusland is daar 800 inrigtings vir hoër onderwys waarvan 33 suiwer universiteite is. Die Universiteit van Moskou het alleen 16,000 studente, die helfte waarvan dames is, 2,400 dosente en het £270 miljoen gekos. 65% van die studente studeer in die natuurwetenskappe (Brittanje 36%), hoofsaaklik weens die groot moontlikhede in die beroep van 'n wetenskaplike. Hulle moet egter ook vreemde tale aanleer en 'n kursus in die filosofie en ekonomie is verpligtend.

Alle studente word deur die staat betaal om te studeer — van £25 tot £45 per maand, plus bonusse vir goeie prestasie! (MASKAS! — Red.).

Geen wonder dus dat die elke kind se groot lewensideaal is om tot 'n universiteit toegelaat te word nie. Die keuring deur die staat is egter baie streng en die vereistes hoog In die skole wat die kinders daarvoor voorberei, is tien jaar wiskunde, vier jaar chemie, vyf jaar fisika en ses jaar biologie die arme bloedjies se voorland. Daarna word maar slegs 'n kwart van die applikante jaarliks tot universiteite toegelaat.

Geen wonder dat daar in een van die republieke waar daar veertig jaar gelede 2% geletterdheid was, vandag 'n groter persentasie gegradueerdes as in Frankryk is nie!

## VAKBOND VIR WERKENDE EERSTEJAARS

Die gebruik van eerstejaarstudente deur persone en verenigings het die afgelope jare so 'n ernstige wending aangeneem dat daar nou drasties opgetree moet word.

Hierdie mening word gehuldig deur verskeie hooggeplaaste persone aan ons geliefde universiteit. Dit was trouens nog die mening van elke eerstejaarstudent deur die jare.

Die toestand is egter nou sorgwekkend en die **owerhede** voel dat daar opgetree moet word. Dit blyk dat die ouers oor die algemeen tevrede is met die behandeling wat hulle telge alhier ontvang, maar die vernaamste beswaar wat opduik, is dat die kinders nie genoeg tyd kry om hulle huiswerk te doen nie. In die aand is daar gedurig die een of ander vereniging wat 'n vergadering hou en wat dan deur die kinders bygewoon moet word. Ongelukkig is dit nie al nie. Die kinders moet verder nog help met die uitdeel van presensiekaartjies, boodskappe doen en sommer sulke ou los werkies wat tog soveel tyd verg..

By die koshuise self gaan dit ook nie veel beter nie. Daar is gedurig 'n grootmeneer wat iets by die kafee dringend nodig kry, en dan moet die kinders in die koue met hulle fietse ry om koeldranke, sigarette en allerhande goete te koop. Die oumenere se fietse moet versorg word, pos gehaal word, wigte gesleep word, en ag, nog sommer baie sulke ou lastige takies.

Nou het die idee ontstaan om 'n vakbond vir hierdie werkende eerstejaars te stig. Die organisasie in hierdie verband vorder fluks. Daar word gestreef om affiliasie met die Studenteraad te verkry. Die arbeiders sal hierdeur baie goed beskerm word. Indien eerstejaars dan êrens benodig word, moet die werkgewers eers met die vakunie skakel, waar dan besluit sal word of die versoek geregverdig is al dan nie.

## Jellierige ou-here

Dat die inlywingsaksie in die eerste twee weke intensief en streng genoeg toegepas word, maar dat die beheer daarna verslap en dit nadelige gevolge vir die studente het, was die bevinding toe die saak Dinsdagaand uitgepluis is.

Dit is noodsaaklik dat 'n eerstejaar die hele jaar deur bewus moet wees van sy eerstejaarskap. Intensifering van die aksie en verpligtinge op eerstejaars om seker byeenkomste by te woon, sal daartoe bydra dat verantwoordelike en standvastige studente gekweek word. 'n Eerstejaar sal dan besef dat hy nie die status van 'n ou-heer mag aanneem nie, en ouer studente sal hulle nie op dieselfde vlak as eerstejaars stel nie.

So sal die eerstejaars deeglik op hoogte van sake kom met alle studentebedrywighede om in die toekoms die leiding oor te neem.

Inlywing vir senior eerstejaars is ook bespreek. Hierdie studente — veral voornemende aptekers — is dikwels nie opgeneem in die studentegroep nie, en waardevolle kragte gaan so verlore. Inlywing en ontmoeting met ander studente sal hierdie groep tuis laat voel en inskakel in die studente-eenheid.



# STANDPUNTE EN STELLINGE



## Span- en Groepfoto's weer voor Hoofgebou

Dikwels kon ek in my leeftyd al span- en groepfoto's van oud-Pukke besigtig. Wat my telkens die meeste getref het, sommer met die eerste oogopslag, is die „Pukgees" wat daar uit die agtergrond straal. Ek praat hier van die kenmerkende boë van die hoofgebou. Deur die jare was die hoofgeboufront feitlik tradisioneel (karakteristiek) van die Puk. Die vastigheid van die karakter van ons Universiteit spreek daaruit: vas, bonkig en onbeweegbaar!

In vergelyking met dié ou foto's gee die nuwes wat voor die Totius-Gedenksaal geneem word 'n koue en onpersoonlike weergawe van die wese van ons Universiteit. 'n Glasagtergrond simbolies van wat wankelbaar en brokkelbaar is.

Op grond van bogemelde redes, pleit ek dat die span- en groepfoto's weer voor die hoofgebou geneem moet word, gesien dat dit tog vir ons almal kosbare aandenkinge is en ons graag 'n bietjie van wat so eie en tradisioneel aan die Puk is, saam met ons wil neem.

J. L. Aucamp.

**DANK**

**Langs hierdie weg wil DIE WAPAD sy dank uitspreek teenoor die eerstejaars — dames en mans — wat gehelp het om die spesiale uitgawe tydens Dalrymple op Parkovaal te verkoop.**

## Wat Ervaring nie alles doen nie . .

Kenmerkend van Dinsdagaand se massavergadering was dat die ouer lede weer eens die voortou in die besprekings geneem het.

Die algemene gevoel waarom jonger studente passief deelneem, is omdat hulle nie op hoogte van sake is nie en nie die vrymoedigheid het om te spreek nie.

Die huidige vorm van die inlywingsaksies is deels ook hiervoor te blameer. In die goeie ou dae is die eerstejaars verplig om vergaderinge by te woon en hulle moes eenvoudig kennis neem van al die gebeure en verwikkelinge aan die studentefront.

Dit is dan ook die rede waarom van die huidige ou-here wat destyds eerstejaars was, nog met plat borste op die Puk rondloop — kennis is ingehamer.



KWALITEIT?
INDERDAAD, MY VRIEND!
by
**G. & H. JUWELIERS**
**129 Kerkstraat. Tel. 1031**

# STUDENTEMASSA (Sic!) BOIKOT KLASSE

## „PROFFIES OP TARENTAAL"

Donderdag, die 7de Mei was 'n vakansiedag. Vrydag was egter nie. Altans, so het elke uitdruklike kennisgewing op die onderskeie kennisgewingborde gelees. Onder leiding van 'n klompie **ondernemendes** het sake egter so verloop dat Vrydag toe ook 'n vakansiedag geword het.

Die organiseerders het Donderdag reeds die hele Puk voorsien van 'n omsendskrywe: BOIKOT VAN DIE PUK. Die rede van die boikot blyk duidelik uit die biljet. Die organiseerders voel dat aangesien hulle in die algemeen as STUDENTE bekend staan, hulle tog immers aan 'n UNIVERSITEIT studeer en die Hoërskool-skoene al ontgroei het. Die beswaar is verder teen die feit dat bywoning van klasse op Vrydag deur die owerhede met dwangmaatreëls verpligtend gemaak is. Hierdeur is die vryhede en regte van die individuele student geskaad. Die organiseerders voel dat dit aan hulle eie diskressie oorgelaat moet word om te besluit of hulle Vrydag se klasse in hulle eie belang wil bywoon of nie.

Hierdie algemene besware van die organiseerders blyk ook duidelik uit party van die plakkate wat Vrydagoggend aan die vensters van die Administrasiegebou en Plantkundelaboratorium te sien was. Plakkate soos: „Ons protesteer **nie** omdat ons op 'n Vrydag moet werk nie, ons protesteer **wel** omdat dit deur dreigemente op ons **afgedwing** word: „Net so min as wat een mens vir 'n ander kan asemhaal, net so min kan een mens vir 'n ander dink;" „Geen gesag kan kom grond op dwangmaatreëls nie — nóg op dreigemente;" weerspieël die gevoel van die opstellers.

Verskeie van die plakkate was uiters lagwekkend en bytend sarkasties. By die ingang van die Administrasie gebou het die volgende gestaan: „Ons hou vandag ve-kansie, Oom;" „P.U. vir D.O.K. (dwang onderwys vir kleuters). Die spyskaart van die Kafeteria bied aan: „Balled Professors", terwyl die P.U. Cinema adverteer: „TO-DAY: No Scho' ".

WAT IS NUUS?

**As 'n hond 'n man byt is dit nie nuus nie; as 'n man 'n hond byt, is dit nuus!**

(Vervolg van bls. 3, kol. 3)

## Australië:

Die geweldige groei van die bevolking van die land maak dit vir die Universiteite feitlik onmoontlik om alle aansoeke van studente om toelating aan te neem.

Die finansiële posisie van die inrigtings en die land strem uitbreidings en in baie gevalle is die geboue ondoeltreffend en ongerieflik.

Dosente ontvang klein salarisse en reistoelaes is gering. Daar is in die land so 'n aanvraag vir gegradueerde persone dat daar weinig nagraadse studente is.

## Pole:

Die gevolge van die Nazi-bewind in Pole voor die afgelope wêreldoorlog, begin nou sy tekens toon onder die studente — die babas van destyds. Gedurende hulle jeug het hierdie studente baie moes ontbeer as gevolg van die toestande geskep deur die Nazi-bewind. Vandag is hierdie studente dan ook liggaamlik nie baie gesond nie, en die Nasionale Unie van Poolse studente gee besondere aandag aan die gesondheidstoestande van hulle lede.

(Uit: DIE PERDEBY).




Unie-Bakkerye

Posbus 244—Tel. 167 en 1086

Bakkers en Banketbakkers
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES

KERKSTR. 60 — POTCH.
Spoorwegstr., KLERKSDORP



Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92
POTCHEFSTROOM
Telefoon 1389.

ONS SPESIALISEER IN DRAG VIR JONG DAMES, VERAL
KERKDRAG

Nomottawol
IN VOORAAD.





# PROEF-NUUS

Die proeftyd was besonder interessant vir **Martie Steyn,** en op die aarde gans en al te kort.

Toe proeftyd amper om was, het die son (of maan?) vir **Corrie Scheepers** opgekom — nou is Stilfontein en Potchefstroom 'n bietjie ver uitmekaar.

**Flip du Plooy** dam toe sommer matrieks by (hy beweer dis sy niggie!). Die volkspele was lekker, né ou Flip?

Die ander het dit nog reggekry om hul eskapades en kaskenades geheim te hou, maar wag maar tot dit uitbroei!

**Wives are young men's mistresses, companions for middle age, and old men's nurses.**
**Bacon.**

**A young man married is a man that's married.**
**Shakespeare.**

**I wonder what fool it was that first invented kissing!**
**Swift.**

**Marriage has many pains, but celibacy has no pleasures.**
**Johnson.**

**There are three sexes, man, women and clergymen.**
**S. Smith.**

**Die man van wenig woorde se solder is so klein dat daar nie plek is vir kaf nie.**
**—Langenhoven.**

HANEKRAAI.

**Die laaste woorde van die bekende Griekse wysgeer, Socrates (hy is ter dood veroordeel oor die leer wat hy verkondig het), was: Crito, ek skuld 'n haan aan Asclepius, sal jy onthou om dit te betaal?**

## Hanteer Versigtig!

**Plesier is nes 'n jong komkommer:**
**as jy hom pluk, verlep hy sommer;**
**Of nes 'n skilpad in sy dop in:**
**soos jy hom vat, dan trek hy kop in.** **—Reitz.**

## Corrigendum

**In DIE WAPAD van 1 Mei is foutief berig dat mnr. Johan van der Vyver op die A.S.B.-„kongres" wat aan die P.U. gehou is, van sy ondervindinge in Nord-Afrika tydens die Accra-kongres megedeel het. Mnr. van der Vyver was egter nie teenwoordig op die Accra-kongres nie, maar wel op die Oos-, Wes- en Sentraal-Afrika Studentesemi-naar wat in Freetown, Sierra Leone gehou was.**

**Verder is in dieselfde berig melding gemaak van agt Universiteite in die Unie — dit behels natuurlik slegs residensiële universiteite. Saam met die Universiteit van Suid-Afrika is daar nege.**

## LAAT NUUS

**Marl Rautenbach** het vir **Hasie Howell** uitgeboul en nou is hulle gekys.

**Ida Viljoen** en **Hennie de Wet** het glo dieselfde paadjie geloop.

**Mnr. Nesco du Toit,** hoofredakteur van DIE WAPAD het hierdie week ywerig begin met praktiese studies in biblioteekwese

**Pukke, hier's nuus:**
**Kovsies se dirigent woon in Abraham Fischer-tehuis. Kry hom!**

# Oor Draaikies en Draadjies

Die Puk is nou eenmaal 'n kleurvolle plek: vaal grasperke en groen tralies, vaal studente en groen studente. Asof dit nie genoeg is nie, gaan Vleuel toe heen en verf hul fietse die lieflikste skakerings van pienk en silwer. Nou is Vleuel se dae getel; die Groepsgebiedewet word deesdae streng toegepas.

Die Studenteraadsvoorsitter (hy het versoek dat ons nie sy naam noem nie) speel deesdae sokker op 'n fiets. Hy speel vir die **Wing Baaisiekel Sokkerklub.** Voorlopig word daar net op die parkeerterrein agter die Administrasiegebou gespeel. Al die lede moet bont Baaisiekels ry, d.w.s. hulle moet Vleueliete wees. Dis tyd dat die koshuis Vleuelprobleem dalk internasionale gesloop word — anders kan die afmetings aanneem.

So van koshuisprobleme gepraat: ek hoor die arme Gathlanders koop hulle bankrot aan pille om saans wakker te bly tot die nege-uur-nuus.

Ingeligte persone sê die Intervarsity is net om die draai. Ek sal dit maklik glo, want Idyll en Slurpie swôt nie meer Spes. Duits nie, maar is deesdae weer identies, en Hans Harmonie en Kontrapunt.

Dis snaaks wat die Intervarsity alles kan doen. **Phillip Hennop** byvoorbeeld het 'n vrouehater geword en **Lou van Wyk** en **De Wet Venter** gaan glo snorre laat groei!

Intussen spaar **Hennie** en **Maartin van der Walt** om 'n motor te koop; die voetslanery maak hulle klaar.

Of dit met die oog op Intervarsity of met die oog op die toekoms is, weet ek nie. Feit is dat **Danie van Niekerk en Ina Celliers** gekys is.

'n Mens bly maar mens. As jy kan klas loop, boikot jy dit, en as jy kan vry wees, dan kys jy. Laasgenoemde het **Johan Venter** en **Etta Scheepers** gedoen.

'n Blonde meisie bly maar enige man se moses. **Herman Venter** sal dit heelhartig onderskryf. **Carol Cameron** het laat deurskemer dat hulle gekys is, en Herman „smile" net heeldag.

Terwyl ons nou so tussen die kyste is: ek dink dis hoog tyd dat **Hessel Dykstra** weer 'n slag vir ons wys hóé.

'n Laaste knippie sout: **Piet Bosman** sê hy wil nie kys nie.

Hy is gelukkig.

Die meeste van ons kan nie kys nie.

Ek wonder wat voer **Jannie de Wet en Atti van der Lecq** in die mou?

**HET U GEWEET?**
**Die getrouste leser van Die Wapad is . . . die setter!**
**(Geplaas deur die setter! — Red.)**

# 'N MOEILIKE SAAK....

Om van iets niks te maak, is 'n probleem, maar maak nou iets van niks!

Wat kan as oorsaak beskou word van die gebrek aan geesdrif op die kysfront? Hoe is dit dan dat so min paartjies mekaar vind; of begin hulle nou moeg word vir die spykerlisensie?


Daar is baie gevalle opgeteken van 'n lieflike vriendskapsverhouding wat moes sneuwel omdat almal verwag het dat mens moet kys. Aan die anderkant is daar soms kyste wat gebind word op minder nog as vriendskap.

Dis tyd dat ons groot word! Kan daar nie meer massaslepe georganiseer word nie (soos daar met massaflliek gedoen word)? Die mans moet in hordes optrek, maar die dames moet hulle deel ook doen en saamwerk. So sal ons mekaar leer ken, en nie net mekaar se name en vanne ken nie.

En dan? Dan kom die kys vanself. Daarby sal ons almal se vriendekringe uitbrei en meer interessante voorvalletjies sal sig afspeel, en DIE WAPAD sal nog meer besonderse en persoonlike kan bied.




PUKKE.....



Vir julle BLêRKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

W. J. SPAVINS en SEUN

Kerkstraat 101 Tel. 185





DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

Mooirivier-Apteek

Kerkstraat 205. Telefoon 380.

# PUK VERSLAAN KLERKSDORP

## KAPTEIN DRUK DRIE DRIEË

DIE PUKKE, WAT OP DIE OOMBLIK BO AAN DIE PUNTELYS IN WES-TRANSVAAL IS, HET SATERDAG NOG 'N KLINKENDE OORWINNING BEHAAL TOE HULLE IN 'N AANSKOULIKE WEDSTRYD MET 'N VERSWAKTE SPAN VIR KLERKSDORP MET 27—10 DIE LOEF AFGESTEEK HET.

Piet Steinberg, wat die Pukke aangevoer het, het 'n ware kapteinswedstryd gespeel en getoon dat hy moeilik langer uit die Wes-Transvaalse span gehou kan word. Met Herman Venter aan die spits, kon die Pukke in die lynstane die oorhand kry, terwyl Casper Lessing gesorg het dat die Puk die bal genoeg uit die skrums kry om die agterlyn weg te stuur.

Bok Fourie en Piet van der Schyff het pragtig saamgespeel en veral laasgenoemde het uitgeblink onder die agterspelers. Die bewegings is egter nie altyd afgerond nie sodat Leon Thom en H. B. van der Walt nie volle gebruik van die bal kon maak nie.

Toy Dannhauser se posisionele spel en skopwerk in die laaste vesting was andermaal 'n doring in sy teenstanders se vlees.

Vir die Puk het Piet Steinberg drie keer en Piet van der Schyff twee keer gaan druk, terwyl Toy Dannhauser twaalf punte aangeteken het met twee strafskoppe en drie vervyfskoppe.

Das Herbst.

## Navy en Fires Seëvier

Net soos die eerstespan het Navy Saterdag op Garnisoenveld 'n oortuigende oorwinning oor Klerksdorp se tweedespan behaal met 16—3


Puk se drie losvoorspelers, Koos du Plooy, Gustav du Toit en Lou Erasmus het skitterende spel gelewer, en onder die agterspelers het Swart, die skrumskakel, en Philips, die senter, uitgeblink.

Swart het twee drieë gedruk, en Eddie van der Westhuizen en Phillips elk een. Schalk Hoogenboezem en Dennis Crause het elk een drie vervyf.

Fires het met 'n telling van 24—9 ook met Klerksdorp afgereken. Kobus Schutte en Daan du Preez, die senters, het twee en drie drieë onderskeidelik gedruk.

Tekkies het op Welverdiend gelykop gespeel teen die tuisspan sonder dat enige punte aangeteken is.

Das Herbst



HANNES BOTHA IN AKSIE

## Drie Pukke kry Wes-Transvaal-Kleure

Drie Pukke het Saterdag vir Wes-Transvaal se onder-19-span teen Vrystaat gespeel. Hulle is Stefan Heydenreich (kaptein), Carl Grundlingh (onder-kaptein) en Piet Wolhuter.

Wes-Transvaal het wel 3—8 verloor, maar hierdie drie manne het hulle deeglik van hulle taak gekwyt. Heydenreich en Wolhuter het hoog uitgerank in die lynstane en gewoel in die losspel, terwyl Grundlingh met goedgeplaaste skoppies en taktiese breekslae die uitblinker onder die agterspelers op die veld was.

### *Hokkie*

## MANSHOKKIESPAN PRESTEER

Die eerste manshokkiespan lewer vanjaar puik hokkie, en dit lyk tans of hulle nie maklik in hulle segegang in die ligawedstryde gestuit sal word nie. Die kaptein van die span, mnr. Gert Snyman, verklaar dat U.O.V.S. hulle vanjaar nie maklik gaan klop nie.

Die span het vanjaar besonder goed afgesit en een span na die ander verslaan. Die hoë tellings bewys dan ook dat die span gedug is en baie goed behoort te vaar in die oorblywende ligawedstryde.

Spanne wat reeds verslaan is, sluit in verlede jaar se ligawenners, Goldsfields-wes, wat die loef afgesteek is met 1—0, Western Reefs met 7—1, Strathvaal '7—0, P O.K. 6—0, Dorp 5—1, Weermag 5—1 en Blyvoor 6—1.

Spelers wat vanjaar besonder goed vaar is Horst Wiese wat nou beter hokkie speel as ooit tevore, André Muller, 'n nuweling, en Piet van Wyk, 'n veteraan wat hokkie betref. Ook Barry Pithey lewer voortreflike spel op middeslkakel, terwyl die agterspelers selde 'n voet verkeerd sit.

Die tweedespan vaar ook goed. Hoewel hulle swak afgesit het teen Goldfields en 'n pak van 9—0 op die lyf geloop het, het hulle mooi reggeruk om agtereenvolgens vir Dorp, Proefplaas en Weermag te klop. Dit lyk dus asof hulle ook onder die voorbkke in die tweede liga gaan wees.

# REKORDS SPAT!

## BOTHA SE PRESTASIE

Tydens die vyf-en-dertigste jaarlikse Dalrymplebyeenkoms wat vanjaar te Potchefstroom gehou is, is atletiek van 'n besonder hoë gehalte gelewer. Sewe Suid-Afrikaanse Universiteitsrekords en een Suid-Afrikaanse rekord is opgestel.

Die hoogtepunt van die byeenkoms was ongetwyfeld Springbok Hannes Botha se Suid-Afrikaanse rekord in die gewigstoot toe hy met sy laaste stoot 54 voet 2 duim behaal het om daarmee die eerste Suid-Afrikaner te word om die gewig verder as 54 voet te stoot.

Wits, verlede jaar se wenners van die Dalrymplebeker, het hulle prestasie herhaal. Pretoria en Stellenbosch was saam derde. Die Roger Dyasonskild vir dames is gebuit deur Pretoria wat Bloemfontein, verlede jaar se wenners geklop het.

Johanna Woest van Pretoria het twee S.A.U. rekords daargestel: die gewigstoot met 'n afstand van 39 voet 3½ duim en die werpskyf waar sy 128 voet 10 duim behaal het. Alta de Kock van Puk het ook die ou rekord verbeter deur die werpskyf 126 voet 3 duim ver te slinger.

Paul Nel, die S.A. verspringkampioen van Stellenbosch, het dié nommer gewen met 'n afstand van 23 voet 8½ duim. G. van Aswegen van Pretoria het die werpskyf vir mans gewen met 'n poging van 158 voet 6½ duim en die spiesgooi vir dames is gewen deur H. Kruger van Tuks met 'n afstand van 116 voet 8½ duim.

Wesley Perkes, die kranige Rhodesatleet, het die 440 tree afgenael in die rekordtyd van 47.7 sekondes en Peter Thorburn van Wits die 440 tree-hekkies in 53.3 sekondes.

In 'n onderhoud het Hannes Botha verklaar dat die nuwe sirkel op Parkovaal die beste is waarop hy nog meegeding het.


Die byeenkoms het baie glad verloop en alle eer kom Prof. D. P. J. Smith, voorsitter van die inter-universitêre atletiekfederasie, Mnrr. Koos Bosman, baanbestuurder, en Martiens du Plessis, sekretaris van die P.U.-atletiekklub toe vir die puik reëlings.




U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432




Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!

Die SENTRALE GARAGE

Potgieterstr. 39. Tel. 41

VANSELFSPREKEND!




Vir u

- FIETSE
- BROMFIETSE
- MOTORFIETSE
- TIKMASJIENE

ens.,

Kom na—

J. HEIDEMA

POTCHEFSTROOM

Telefoon 364. Kerkstraat 48.



MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

Die Bult Haarkappers en Juweliers

TOMSTRAAT 86A

Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES


Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom